PARLIAMENT

OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# LUG U MENING

## PORTEFEULJEKOMITEE OOR ELEKTRISITIET EN ENERGIE WETSONTWERP OP GAS [B 6 – 2026]

### UITNODIGING VIR OPENBARE INSETTE

In ooreenstemming met die Parlement se kerndoelwit om openbare deelname en betrokkenheid by wetgewende prosesse te bevorder, nooi die Portefeuljekomitee oor Elektrisiteit en Energie belangstellende individue en relevante belanghebbendes uit om geskrewe kommentaar in te dien en hul belangstelling om ’n mondelinge voorlegging oor die **Wetsontwerp op Gas [B 6 – 2026]** te lewer, aan te dui.

Die **Wetsontwerp op Gas** het ten doel om die Wet op Gas, 2001, te herroep; om voorsiening te maak vir die bevordering van die ordelike ontwikkeling van die gasbedryf; om die nasionale reguleringsraamwerk te versterk; om breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging te bevorder; om voorsiening te maak vir sosio-ekonomiese en omgewingsvolhoubare ontwikkeling; om voorsiening te maak vir nuwe ontwikkelinge en veranderende tegnologieë in die gassektor; om die ontwikkeling van en belegging in gasinfrastruktuur te bevorder; om voorsiening te maak vir samewerking tussen privaat- en openbare sektore; om afdwinging te versterk en nakoming te verbeter; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Geskrewe voorleggings moet aan **mnr Arico Kotze** gerig word en geaddresseer word aan die Portefeuljekomitee oor Elektrisiteit en Energie, 3de verdieping, Pleinstraat 90, Kaapstad, 8000, per **e-pos aan gas-pcee@parliament.gov.za teen nie later nie as Vrydag, 7 Augustus 2026 om 16:30**. Bykomend tot die geskrewe kommentaar moet u asseblief u belangstelling om ’n mondelinge voorlegging te lewer aandui.

Vir navrae of om ’n afskrif van die wetsontwerp bekom, kontak asseblief vir mnr Arico Kotze by telefoonnommer 021 403 3662, selfoonnommer 083 709 8470, of per e-pos by **akotze@parliament.gov.za**. U kan ook die Parlement se webtuiste besoek by **www.parliament.gov.za**.

**Uitgereik deur agb Z Khanyase, LP, Voorsitter van die Portefeuljekomitee oor Elektrisiteit en Energie**

**Your Parliament. Your Voice. Your Future.**

www.ayandambanga.co.za

157045 BURGER AFR